Pretoria- 21 April 2013

Skriflesing: Rigters 6:11-24; 33-40; Markus 7:24-37
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 25**
Sing: Ps. 116:1,7; Ps. 33:1; Ps. 146:1,6

Rigters 6:11-24; 33-41

Jdg 6:11 Toe het die Engel van die HERE gekom en gaan sit onder die terpentynboom wat by Ofra staan, wat aan Joas, die Abiësriet, behoort het, terwyl sy seun Gídeon juis koring uitslaan in die parskuip om dit te beveilig teen die Midianiete.
Jdg 6:12 En die Engel van die HERE het aan hom verskyn en vir hom gesê: Die HERE is met jou, dapper held!
Jdg 6:13 Toe vra Gídeon Hom: Ag, my heer, as die HERE met ons is, waarom het al hierdie dinge ons dan oorgekom? En waar is al sy wonders waar ons vaders ons van vertel het, deur te sê: Het die HERE ons nie uit Egipte laat optrek nie? Maar nou het die HERE ons verwerp en ons oorgegee in die hand van die Midianiete.
Jdg 6:14 Toe draai die HERE na hom toe en sê: Gaan in hierdie krag van jou en verlos Israel uit die hand van die Midianiete. Is dit nie Ek wat jou stuur nie?
Jdg 6:15 Maar hy vra Hom: Ag, Here, waarmee sou ek Israel verlos? Kyk, my geslag is die swakste in Manasse, en ek self die geringste in my familie.
Jdg 6:16 Toe sê die HERE vir hom: Ek sal met jou wees, sodat jy die Midianiete soos een man sal verslaan.
Jdg 6:17 En hy antwoord Hom: As ek dan guns in u oë gevind het, doen vir my ‘n teken, dat U dit is wat met my spreek.
Jdg 6:18 Verwyder U tog nie hiervandaan voordat ek by U kom en my gawe uitbring en voor U neersit nie. Hy sê toe: Ek sal bly totdat jy terugkom.
Jdg 6:19 Toe het Gídeon ingegaan en ‘n bokkie berei, en van ‘n efa meel ongesuurde koeke; die vleis het hy in ‘n mandjie gesit en die sous in ‘n pot gegooi; en hy het dit na Hom uitgebring onder die terpentynboom en dit naby neergesit.
Jdg 6:20 Maar die Engel van God het vir hom gesê: Neem die vleis en die ongesuurde koeke, en sit dit op hierdie rots neer en gooi die sous daaroor uit. En hy het so gedoen.
Jdg 6:21 Daarop steek die Engel van die HERE die punt van die staf wat in sy hand was, uit en raak die vleis en die ongesuurde koeke aan; toe gaan daar vuur op uit die rots en verteer die vleis en die ongesuurde koeke. Intussen het die Engel van die HERE verdwyn uit sy oë.
Jdg 6:22 Toe Gídeon bemerk dat dit die Engel van die HERE was, sê Gídeon: Ag, Here HERE! want ek het die Engel van die HERE gesien van aangesig tot aangesig!
Jdg 6:23 Maar die HERE sê vir hom: Vrede vir jou! Vrees nie! Jy sal nie sterwe nie.
Jdg 6:24 Toe bou Gídeon daar ‘n altaar vir die HERE en noem dit: Die HERE is vrede! Dit staan vandag nog daar by Ofra van die Abiësriete.

Rigters 6:33-40

Jdg 6:33 Toe het al die Midianiete en Amalekiete en die kinders van die Ooste aanmekaargesluit en deurgetrek en in die laagte van Jísreël laer opgeslaan.
Jdg 6:34 En die Gees van die HERE het Gídeon vervul; en hy het op die ramshoring geblaas, en die Abiësriete is agter hom aan opgeroep.
Jdg 6:35 Ook het hy boodskappers gestuur in die hele Manasse, en dié is ook agter hom aan opgeroep; ook het hy boodskappers gestuur in Aser en in Sébulon en in Náftali, en hulle het opgetrek, hulle tegemoet.
Jdg 6:36 Toe het Gídeon met God gespreek: As U werklik deur my hand Israel wil verlos soos U gespreek het—
Jdg 6:37 ek sal die wolvlies op die dorsvloer neerlê: as daar net op die vlies dou is, terwyl die grond oral droog is, dan sal ek weet dat U deur my hand Israel wil verlos soos U gespreek het.
Jdg 6:38 En dit was so: toe hy die volgende môre vroeg opstaan, het hy die vlies uitgewring en die dou uit die vlies uitgedruk, ‘n kom vol water.

Jdg 6:39 Toe het Gídeon met God gespreek: Laat u toorn nie teen my ontvlam nie, en laat my net hierdie keer mag spreek; laat my tog net hierdie keer met die vlies 'n proef neem: laat dit op die vlies alleen droog wees terwyl daar op die grond oral dou is.
Jdg 6:40 En die HERE het daardie nag so gedoen: op die vlies alleen was dit droog, maar oral op die grond was daar dou.

Markus 7:24-37

Mar 7:24 En Hy het opgestaan en daarvandaan na die gebied van Tirus en Sidon vertrek. En toe Hy in die huis gegaan het, wou Hy nie dat iemand dit sou weet nie; maar Hy kon nie verborge bly nie.
Mar 7:25 Want 'n vrou wie se dogtertjie 'n onreine gees gehad het, het van Hom gehoor en gekom en voor sy voete neergeval.
Mar 7:26 En sy was 'n Griekse vrou, 'n Siro-Feniciese van geboorte, en sy het Hom gevra om die duiwel uit haar dogter uit te dryf.
Mar 7:27 Maar Jesus sê vir haar: Laat eers die kinders versadig word; want dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en vir die hondjies te gooi nie.
Mar 7:28 En sy antwoord en sê vir Hom: Ja, Here, maar die hondjies eet darem onder die tafel van die kinders se krummels.
Mar 7:29 En Hy sê vir haar: Ter wille van hierdie woord kan jy gaan; die duiwel het uit jou dogter uitgevaar.
Mar 7:30 En toe sy huis toe gaan, vind sy dat die duiwel uitgevaar het en dat haar dogter op die bed lê.
Mar 7:31 En Hy het weer uit die gebied van Tirus en Sidon vertrek en na die see van Galiléa gegaan, deur die gebied van Dekápolis.
Mar 7:32 Toe bring hulle na Hom 'n dowe wat swaar praat, en smeek Hom om hom die hande op te lê.
Mar 7:33 En Hy neem hom opsy, weg van die skare, en steek sy vingers in sy ore, en spuug en raak sy tong aan;
Mar 7:34 en nadat Hy opgekyk het na die hemel, sug Hy en sê aan hom: Éffata, dit is: Gaan oop!
Mar 7:35 En dadelik het sy ore oopgegaan en die band van sy tong losgeraak, en hy het reg gepraat.
Mar 7:36 En Hy het hulle beveel om dit aan niemand te sê nie; maar hoe meer Hy hulle dit beveel, hoe meer hulle dit verkondig.
Mar 7:37 En hulle was uitermate verslae en het gesê: Hy het alles goed gedoen: die dowes laat Hy hoor en die stommes praat.

Sondag 25

65 *Vraag*: Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof dan vandaan?
Antwoord: Die Heilige Gees werk dit in ons harte (a) deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die sakramente (b).
(a) Ef 2:8; 6:23; Joh 3:5; Filp 1:29. (b) Matt 28:19; 1 Pet 1:22-23.
66 *Vraag*: Wat is sakramente?
Antwoord: Dit is heilige, sigbare tekens en seëls wat God ingestel het om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en dit te beseël. Hierdie belofte is dat God vanweë die enige offer van Christus wat aan die kruis volbring is, vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk (*a*).
(a) Gen 17:11; Rom 4:11; Deut 30:6; Lev 6:25; Heb 9:7-9, 24; Eseg 20:12; Jes 6:6, 7; 54:9.
67 *Vraag*: Is die Woord en die sakramente albei daarvoor bestem om ons geloof op die offer van Christus wat aan die kruis as die enigste grond van ons saligheid te wys?
Antwoord: Ja, seker, want die Heilige Gees leer ons in die evangelie en verseker ons deur die sakramente dat ons volle saligheid op die enige offer van Christus rus, wat aan die kruis vir ons volbring is (*a*).
(a) Rom 6:3; Gal 3:27.
68 *Vraag*: Hoeveel sakramente het Christus in die Nuwe Verbond of Testament ingestel?
Antwoord: Twee, naamlik die heilige doop en die heilige nagmaal.

Skriflesing: Rigters 6:11-24; 33-41; Markus 7:24-37
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 25**
Sing: Ps. 116:1,7; Ps. 33:1; Ps. 146:1,6
Wanneer die Here Jesus met die doofstomme man in Markus 7 werk, broeder en suster, dan gebeur daar ’n paar interessante dinge, wat by ons belydenis vandag aanhaak. Ons belydenis wat met die genademiddele van God na u en my kom. God wat direk tot ons kan nader, werk ook op ’n ander wyse, deur ook van middele gebruik te maak, waarmee God ons kan bereik.

Die doofstomme man se vriende het hom na Jesus gebring dat Jesus hom die hande moet oplê. En dan doen Jesus ’n paar dinge wat eers ons aandag vra en wat in ’n sekere sin sakramentele betekenis kry. Die Here het ook ’n middel tot ’n doel en werk nie altyd maar net met ’n doel op sigself nie. Jesus gebruik ’n hele paar middele om die wonderwerk te doen, al sou Jesus sekerlik daarsonder kon klaarkom. Jesus druk sy vinger in die man se ore en daarna spoeg die Here op sy vingers en met hierdie vingers raak die Here sy tong aan. En as die Here hiermee klaar is dan kyk die Here op en hy gee ’n sug. En na die sug dan sê die Here in Aramees aan hom – Effata, wat beteken GAAN OOP…..*En dadelik het sy ore oopgegaan en die band van sy tong het losgeraak en hy het reg gepraat.*

Hoekom doen Jesus al hierdie dinge en dan veral ook die vraag, hoekom het die Here Jesus na die hemele gekyk en toe gesug. Die Here sou mos onmiddellik sonder enige middel van hande of spoeg die man kon gesond maak, dat hy weer sou kon hoor en reg praat. Maar die Here doen dit juis anders. Die Here gebruik middele in hierdie wonder wat ook na ons moet deurdring.

En dan die sug wat Jesus gegee het. Waarom? Daar is mense wat glo Jesus sug, want hulle glo dat in die kyk van Jesus na die hemel het die man se lewe voor Jesus oopgegaan. En Jesus sug as Hy diep onder die indruk kom van hoe swaar die man net-nie al gehad het nie, terwyl niemand die man kon help nie. Daar was geen middel op daardie stadium beskikbaar om iemand wat op so ’n wyse van die buitewêreld afgesny was, te help nie en daarom sug die Here.

***

Kom ons die antwoord op hierdie sug ook in ’n ander rigting soek. In die hemelse rigting, want ek glo daardie sug was ook ’n middel, wat biddend aan God wou vasgryp, maar vir die man ook ’n paar dinge wou laat sien. Onthou sy oë was die enigste sintuig op daardie stadium in ’n werkende toestand. As die Here klaar sy vinger in die opening van sy ore gesteek het,

die Here het klaar met die spuug op sy vingers sy tong aangeraak, dan sê die Here vir hom daardeur in gebaretaal, jou gehoor en jou spraak gaan ek teruggee, maar jy moet nog meer ontvang. Dan kyk Jesus op na die hemel en Hy sug, wat ek wil aanvaar, dat die Here met hierdie sug vir die man voorbidding doen by die Vader.

Die man kon al hierdie dinge sien, hy was nie blind nie. Die Here wou Hom deur die gebaar van sy sugting en sy opkyk na die hemel laat sien, hoekom die Here hom wil saamneem in sy gebed tot die Vader. Hy kom met God in ’n kanaal. Die man moet alles met die Here meemaak, deur die enigste sintuig wat hy het nl. net sy oë. En daarom het Jesus sovele gebare gebruik, voordat Jesus die koninklike magswoord spreek. Effata! Nie net jou ore moet vir God oopgaan nie, maar jou hele wese, jou hele mens-wees moet vir God oopgaan. Dit is wat hierdie sugting biddend van God vra as Jesus dan sê – Effata – GAAN OOP!

Die man is deur verskillende tekens wat Jesus gedoen het, in sy volle mens-wees aangeraak en so het sy hele lewe op die verkondiging van God se Woord ge – EFFATA, oopgegaan en nie-net sy ore nie. Die Here het sy ore oopgemaak, maar ook deurgedring tot sy hart, juis deur die middele wat Jesus gebruik het.

***

En so werk God deur die genade tekens, genade middele wat vandag nog na ons kom. Nie net deur die kanaal van die ore nie, maar ook die kanaal van die oë. God kan ons beslis bereik met die evangelie deur net die kanaal van die ore, maar God wil meer doen. God wil ons bereik en aanraak ook deur die kanaal van ons oë. Die Heilige Gees werk in die kanaal van prediking en sakramentbediening met ore en oë, om soos met die doofstomme man gebeur het, tot in sy hart deur te dring. Die harte moet oopgaan, as die ore en die oë oop is. En die Heilige Gees doen dit.

En let op ons belydenis sê nie dat sodanige geloof deur die Heilige Gees gewek word nie, maar dat die Heilige Gees die geloof in ons harte werk. Tussen wek en werk is daar wel ’n verskil. Die werk van die Heilige Gees is ’n proses waardeur die Heilige Gees met die Woord saamwerk! en dan veral met die verkondiging van hierdie Woord. Geloof is nie maar bloot ’n opwekking, ’n eenmalige oopgaan in myself en nou is dit kant en klaar nie…..nou is ek ’n bekeerde mens nie. As die Heilige Gees sodanige geloof net sou wek en nie werk nie dan is die charismatiese kerke reg wat wil glo, dat die saadjie of kiem of vonkie van geloof in alle

mense se harte lê en sonder die verkondiging van die Woord kan iemand ook tot geloof kom. Ek moet net die Heilige Gees toelaat om die vonkie aan te blaas en dan sal ek glo.

So maklik is dit nie en so wil die Heilige Gees dit ook nie doen nie! Die Heilige Gees nie alleen nie, maar wil juis deur die Evangelie, deur die verkondiging van God se Woord my hart oopmaak – die EFFATA waarvan die doofstomme getuig. Jesus moes eers gesug het. Onder die prediking wil God deur sy Heilige Gees juis dit alles laat gebeur.

***

Laat dit ons maar weereens besef, die belang van hierdie preek vir God. So wil God deur sy Heilige Gees geloof in my hart werk. Daar is talle voorbeelde waar die Heilige Gees alleen kon werk, maar dan juis op die einde net deur preke gewerk het. Handelinge 2 by die uitstorting van God se Gees, waar die Gees so kragtig kom en ’n mens wil glo dat in hierdie gebeure die Heilige Gees juis sonder die Woord mense se harte sal deurbreek, maar dan gebeur dit juis ook weer anders.

Die kragtige tekens van God se Gees wil nie sonder die Woord nie. Eers as die apostels op die strate God se Woord begin verkondig en elkeen in sy eie taal die goeie werke van God hoor en Petrus daarna ook nog met ’n lang preek uit Joël en Psalm 16 kom, dan eers kom daardie geloof. Dan eers kon Lukas sê, daar was 3000 siele tot die gemeente toegevoeg.

Hierdie is die normale wyse waarop God werk en wat ons maar elke keer kan kontroleer. By Lidia, in Filippi as Paulus die eerste keer Europese bodem bereik, dan gebeur dit ook só. Saam met die Heilige Gees wat in die preek werk en wat geen ware preek alleen laat nie, kom God ons nog verder tegemoet. Daar kom sakramente by. Sigbare heilige tekens en seëls. Iets daarvan kon die doofstomme ook aanskou.

***

Hierdie tekens wat gesien kan word, is egter nie nuut aan die Nuwe Testament nie, maar die Heilige Gees het in die Ou Testament ook die geloof versterk in wat gesien kon word….in tekens. So het met Gideon gebeur, wat geleef het in die tyd van die Rigters, toe dit met Israel baie sleg gegaan het. Die Midianiete was soos sprinkane in Israel, volop en het alles in besit geneem. En dan word Gideon deur die Engel van God opgeroep as dapper held, waar hy op ‘’n geheime plekkie nog besig was om hulle laaste bietjie geplante koring te dors, voordat die Midianiete dit ook nog sou afvat.

En Gideon hoor van die Engel dat hy Israel moet verlos. Hoe kan dit tog? Hy is juis aan die wegkruip, hoe kan hy so ’n groot opdrag uitvoer. En dan vra hy van God ’n teken. Hy het ‘’n behoefte aan iets wat hy met die oë kan sien, voordat hy werklik wil glo dat dit ’n Engel van God is of dan nou Jesus Christus Self, in sy Ou-Testamentiese verskyning wat met hom praat – Vers 17: *As ek dan guns in U oë gevind het, doen vir my ’n teken dat dit U is wat met my spreek*…..En die Here gee die teken, eintlik drie tekens. Die vleis en die brood wat hy op die rots neergesit het en toe het die Engel met die punt van Gideon se staf daaraan geraak, toe slaan daar ‘’n vuurstraal uit die rots en verbrand daardie vleis en brood tot as.

En of dit nie genoeg is nie, wil Gideon later nog ’n teken hê. Hy is al gereed om die vyande aan te val, al die leërs staan al versamel. Gideon vertrou op die Here, maar sy hart twyfel ook nog. Dit is of die vertroue net-nie sterk genoeg raak nie. Weer wil hy ’n teken hê wat hy met sy oë kan sien. En die Here gee nog ’n teken met die wolvlies op die dorsvloer, waar die dou net eers die wol natmaak en die grond daar onder bly kurkdroog. En asof dit nog steeds nie genoeg was nie, vra hy ’n derde teken. Die keer omgekeerd dat die dou die grond oral moet natmaak, maar die wolvlies moet droog bly. En weer gebeur dit. So kom die Here vir Gideon tegemoet in tekens wat met die oë gesien kan word.

In die oorlog van Exodus 17 bevestig Moses dieselfde waarheid, want as die teken daar was, Moses wat sy staf omhoog kon hou, dan is Israel aan die wen. Maar as Moses naderhand moeg word en sy hande laat sak en die teken val weg, dan begin die volk weer verloor. So het hulle later Moses se hande gestut net om die teken te bly behou. Ons kan ook aan Abraham dink, by wie die verbond wat God met ons het juis weer betekenis en inslag gekry het, dan bring God ‘’n teken daarby – die sterre. Die mens het ‘’n behoefte aan hierdie tekens en die Here voldoen aan hierdie behoefte.

God laat sy belofte, sy Woord nie alleen staan nie, maar so talryk soos die sterre wat jy met jou oë kan sien, maar wat jy nie kan tel nie, so groot sal jou nageslag in die Heilige Gees wees. Die Gees wat met die Woord en die tekens saamwerk. En die tekens in ons harte versterk en dit vasmaak, die Heilige Gees verseël dit.

En dit is wat sakramente ook nou nog is, broeder en suster. Tekens en seëls wat met die oë gesien kan word, waarmee God ons geloof tegemoet wil kom en ons geloof wil vasmaak.

Geloof wat deur die verkondiging van die Heilige Evangelie in ons harte gewerk word en deur die gebruik van die heilige sakramente versterk word en nog verder vasgemaak word.

God wat my ore en hart oopmaak, EFFATA….God maak al sy beloftes in my hart juis deur sy Woord en sakramente ook weer vas. God plaas ‘’n seël daarop, om vir my te sê, dit is waar en eg. Jy is my verloste kind, ek verseël jou met die bloed van Christus as ‘’n kind bestem vir die ewige lewe. Dit is al waar daarom gaan. Die Woord en die sakramente is beslis albei daarvoor bestem om ons geloof op te offer van Christus aan die kruis as die enigste grond vir ons saligheid te wys.

Moet nie meer van die sakramente verwag as wat God daarmee bedoel nie. Die sakramente is genade middele, genade tekens, dit is nie inspuitings nie. Die halwe-vol kerke tydens gewone eredienste, maar die vol kerke tydens Nagmaal dienste, bevestig onder ons, óók hierdie valse inspuiting-geloof in die sakramente, waarin mense glo dat as ek net weer met die inspuiting van Nagmaal behandel kan word, dit met my verder sal goed gaan. Dit laat ons meer op die sakramente self vertrou, as wat ons ons vertroue in Jesus Christus stel.

Soos wat by die Roomse kerk gebeur het, is die sakramente meer gemaak, dat die kerk nou oor ‘’n groter reeks van inspuitings kan beskik. Hulle het sewe sogenaamde sakramente. Dan is die kerk se bestaan ten koste van Christus (watter aanklag!!), want sakramente is nou kerklike medisyne en ampsdraers (die pous en sy gevolg) is diegene wat die belangrike inspuitings moet toedien en ‘’n mens begin eintlik half verslaaf raak aan hierdie valse medisinale geloof in sakramente, wat my vertroue totaal en al in Christus afbreek en op myself laat vertrou, want as ek maar net sorg dat ek op ‘’n gereëlde reëlmatige basis die noodsaaklike inspuitings kry, sal ek die nuwe aarde haal. Dan raak sakramente werklik naderhand ‘’n vervloekte afgodery soos ons belydenis later na een van hierdie sakramente verwys, maar ons kan eintlik maar sê, al sewe raak vervloek, as dit só gebruik word.

Dan begin ‘’n kerk meer te lyk na ‘’n dokter se spreekkamer, waar ‘’n mens op gereëlde basis inspuitings kan gaan kry. Wat bly dan oor van die kerk wat nie ‘’n dokters spreekkamer is nie, maar ons moeder wat ons gedurig aan die Vader se Woord wil herinner en daaraan deur God se sakramente, (nie die “kerk” sê sakramente nie) wil laat vashou. Hiermee volstaan ons, as ons volstaan met net die twee sakramente wat daar is nl. DOOP en NAGMAAL, wat hopelik in die komende weke, in sy tekens en in sy seëls vir ons sal oopgaan. AMEN